# BA Sport- en Vryetydstudies Sportsielkunde (01130128)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 444 |
| **Kontak** | Prof LH Human lourens.human@up.ac.za +27 (0)124206039 |

## Programinligting

Hierdie voltydse driejaarprogram is gemik op die student wat belangstel in beroepe in die sport- en vryetydsindustrieë. 'n Breë kennisbasis ontwikkel studente se begrip en toepaslike vaardigheidsprofiele om die potensiaal, moontlikhede en impak van modern geglobaliseerde sport en vryetyd krities te ondersoek, te skep, te bevorder, te lei en te bestuur. Studente word begelei tot spesialisering in die areas van sportbestuur, sportsielkunde, sport en vryetyd in die samelewing of sportafrigtingswetenskappe. Spesialisering berei studente voor vir beroepe in die openbare en private sektore in kontekste van kommersiële en professionele sport, sportontwikkeling, gemeenskaps-ontwikkeling deur massadeelname, sportafrigting en die fasilitering van psigososiale welsyn deur middel van sport en rekreasie.

By voltooiing van hierdie spesialiseringsrigting sal die gegradueerde oor kennis en vaardigheidsprofiele toepaslik in sport-, oefening- en prestasiesielkunde beskik. Gegradueerdes sal beroepe soos verhoudingsfasiliteerders, sportafrigters en fasiliteerders van leer in sport, oefening en vryetydskontekste kan beoefen. Deur hierdie spesialiseringsrigting met Sielkunde as keusevak te kombineer, kan die gegradueerde vir nagraadse studie in Sportsielkunde aansoek doen.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September jaarliks.

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat ? TPT van 30 in Graad 11 behaal het en voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes van hierdie studieprogramme sal outomaties in die studieprogramme geplaasword, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal.
- Voornemende studente wat reeds voorlopige toelating tot hierdie studieprogramme ontvang het, maar ? TPT van ten minste 27 in Graad 12 behaal het, sal deur die Toelatingskomitee oorweeg word indien plekke beskikbaar is.
- Die Toelatingskomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe sal hierdie studente oorweeg sodra die uitslag van die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) beskikbaar is en onderhewig aan die

beskikbaarheid van plekke.
- Die Fakulteit sal bevredigende resultate in die NBT beoordeel in die lig van sy onderneming om te verseker dat ‘n voldoende gedeelte aansoekers uit die histories benadeelde kategorie van die bevolking getrek word.
- Aansoekers met 'n TPT van 30, maar wie nie aan die vakvereistes voldoen nie, moet die NBT aflê.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.

| **Minimum vereistes** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | **TPT** |
| **Afrikaans of English** | | | | |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 30 |

# Ander programspesifieke inligting

Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.
Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om ’n taalmodule ter waarde van 12 krediete uit die lys van taalmodules te neem (sien Akademiese geletterdheid).

**Nota:**

- Van die student sal verwag word om ’n geakkrediteerde Vlak 0/1 Afrigtingsertifikaat – teen sy eie koste – in een sportsoort van sy eie keuse as deel van die graadvereistes in YCS 120 te verwerf. ’n Sportafrigtingsertifikaat kan verwerf word by enige erkende Nasionale Sportfederasie (NSF) in Suid-Afrika. Praktiese demonstrasie en toepassing van sportafrigtingsvaardighede kan op of van die kampus af uitgevoer word.
- Van die student sal ook verwag word om ’n Gemeenskapsrekreasieleiersertifikaat – teen eie koste – as deel van die vereistes van YSL 110 te verwerf. Die department sal reëlings in hierdie verband tref.

**Akademiese geletterdheid**
Alle studente wat vir die eerste keer aan die Universiteit van Pretoria inskryf en alle nuwelingstudente wat vir die eerste keer by die Fakulteit Geesteswetenskappe inskryf se akademiese geletterdheid sal aan die begin van die akademiese jaar deur middel van hulle NSS-punte bepaal word.

1. Studente wat ’n graadprogram in Engels volg: Die NSC Graad 12-Engelspunt sal gebruik word om te bepaal of studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe vir die akademiese-geletterdheidsmodules (ALL 110 en ALL 125 in Engels) moet registreer.

- Huistaal: Studente wat 'n 4 of laer behaal het, registreer vir ALL 110 en ALL 125.
- Eerste Addisionele Taal: Studente wat ’n 5 of laer behaal het, registreer vir ALL 110 en ALL 125.

2. Studente wat ’n graadprogram in Afrikaans volg: Die NSC Graad 12-Afrikaanspunt sal gebruik word om te bepaal of studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe vir die akademiese-geletterdheidsmodules (VAG 110 en VAG 125 in Afrikaans) moet registreer.

- Huistaal: Studente wat ’n 4 of laer behaal het, registreer vir VAG 110 en VAG 125.

Alle studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe wat as risikogevalle geïdenti¬fiseer is, is verplig om ten minste twaalf krediete te verwerf in die akademiese- geletterdheidsmodules VAG 110 of ALL 110 en VAG 125 of

ALL 125.
Alle studente in die Fakulteit Geesteswetenskappe wat nie as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om ten minste 12 krediete in ’n taalmodule te verwerf:

**Department of English**
ENG 110 Introduction to literature in English (I)
ENG 120 Introduction to literature in English (II)
ENG 118 English for specific purposes

**Departement Afrikaans**
AFR 110 Afrikaanse taalkunde en letterkunde
AFR 120 Afrikaanse taalkunde en letterkunde
AFR 114 Afrikaans vir sprekers van ander tale (I)

**Departement Afrikatale**
NDE 1101 Inleiding tot isiNdebele-grammatika: Capita selecta
*Studente wat isiNdebele in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
ZUL 110 IsiZulu vir beginners
ZUL 111 Inleiding tot isiZulu-grammatika – Capita selecta
*Studente wat isiZulu in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
SEP 110 Sepedi vir beginners
SEP 111 Inleiding tot Sepedi-grammatika – Capita selecta
*Studente wat Sepedi in die tweede semester wil neem, registreer ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta)
STW 110 Setswana vir beginners
STW 111 Inleiding tot Setswana-grammatika – Capita selecta
*Studente wat Setswana in die tweede semester wil neem, moet ook vir AFT 121 (Afrikatale-letterkunde: Capita selecta) registreer.

**Departement Moderne Europese Tale**
DTS 104 Duits vir beginners
DTS 113 Duits: Kultureel-professioneel (1) *Voorvereiste: Graad 12 Duits
FRN 104 Frans vir beginners
FRN 113 Frans: Kultureel-professioneel (1) *Voorvereiste: Graad 12 Frans
SPN 101 Spaans vir beginners
SPN 102 Spaans vir beginners
PTG 101 Portugees vir beginners

**Departement Antieke Tale en Kulture**
HEB 110 Hebreeus
LAT 110 Latyn
GRK 110 Grieks

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 138**

## Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111) - Krediete: 4.00
Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121) - Krediete: 4.00
Academic literacy for Humanities 125 (ALL 125) - Krediete: 6.00
Academic literacy 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Academic orientation 101 (UPO 101) - Krediete: 0.00

## Kernmodules

Onderrig en leer in sport 120 (YCS 120) - Krediete: 12.00
Grondslae van sport-, oefen- en prestasiesielkunde 110 (YSP 110) - Krediete: 12.00
Sielkunde 120 (SLK 120) - Krediete: 12.00
Grondslae van rekreasie- en sportbestuur 110 (SRM 110) - Krediete: 12.00
Grondslae van sportafrigtingswetenskappe 110 (YCS 110) - Krediete: 12.00
Sport in samelewing 120 (YSL 120) - Krediete: 12.00
Sielkunde van sportafrigting 120 (YSP 120) - Krediete: 12.00
Leierskap in sport en rekreasie 120 (SRM 120) - Krediete: 12.00
Grondslae van vryetyd en rekreasie 110 (YSL 110) - Krediete: 12.00
Sielkunde 110 (SLK 110) - Krediete: 12.00

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 156**

## Fundamentele modules

Sosiale navorsing: Inleiding tot metodologie 210 (RES 210) - Krediete: 20.00

## Kernmodules

Motoriese gedrag 220 (YCS 220) - Krediete: 16.00
Sielkunde van welsyn in sport 220 (YSP 220) - Krediete: 16.00
Grondslae van menslike beweging 210 (YCS 210) - Krediete: 16.00
Sielkunde 210 (SLK 210) - Krediete: 20.00
Sportontwikkeling 220 (YSL 220) - Krediete: 16.00
Sielkunde 220 (SLK 220) - Krediete: 20.00
Sporttoerisme 210 (YSL 210) - Krediete: 16.00
Toegepaste sportsielkunde 210 (YSP 210) - Krediete: 16.00

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 150**

## Fundamentele modules

Sosiale navorsing: Metodologiese denke 320 (RES 320) - Krediete: 30.00

## Kernmodules

Sielkunde 320 (SLK 320) - Krediete: 30.00
Sielkunde 310 (SLK 310) - Krediete: 30.00
Teoretiese raamwerke in sport- en oefensielkunde 320 (YSP 320) - Krediete: 30.00
Psigososiale aspekte in sport 310 (YSP 310) - Krediete: 30.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.